

70

# EKURHULENI-NOORD

LEWENSORIëNTERING GR. 8 20 NOVEMBER 2017

Moderator: Christine du Plessis

Tydsuur: 1½ ure

Instruksies:

Punte: 70

1. Lees die instruksies aandagtig voordat jy antwoord. (7 bladsye)
2. Skryf netjies. Hierdie is 'n invulvraestel.
3. Hierdie vraestel bestaan uit drie afdelings: Afdeling A, B en C. Jy moet al die vrae beantwoord in Afdeling A ( 28 punte ) en Afdeling B ( 28 punte ), en twee van Afdeling C.

Naam van skool: \_\_\_\_\_

Naam van leerder: \_\_\_\_\_ Gr.8 \_\_\_\_\_

## **AFDELING A (28 PUNTE = LAER ORDE )**

**BEANTWOORD AL DIE VRAE IN DIE AFDELING.**

### **VRAAG 1: VEELVULDIGE KEUSE VRAE.**

Vier moontlike antwoorde word vir elk van die volgende stellings voorsien.

Kies die regte antwoord en ONDERSTREEP dit.

[5]

<p><b>1.1 Die belangrikste faktor/faktore wat jou selfkonsep beïnvloed is:</b></p> <p>A die media. B ons omgewing. C ons vriende, portuurgroep en familie. D al die bovenoemde.</p>	<p><b>1.2 Die oortreding van menseregte beteken:</b></p> <p>A om ander met respek te behandel. B om ander se menswaardigheid as waardevol te ag. C om mense sonder respek te behandel. D om positief teenoor ander mense op te tree.</p>
<p><b>1.3 Suid-Afrika grond sy nasiebou op die volgende beginsels:</b></p> <p>A nie-rassisme, seksisme, demokrasie, verdraagsaamheid. B demokrasie, respek, seksisme, diskriminasie. C sosiale eenheid, rassisme, demokrasie, respek, verdraagsaamheid. D geeneen van bovenoemde nie</p>	<p><b>1.4 Van hierdie soort gedrag, kry jy 'n "wen-wen" gevoel:</b></p> <p>A. Aggressief B Selfgeldend C Dominerend D Passief</p>
<p><b>1.5 Individualiteit is:</b></p> <p>A Jou karakter, vermoëns, belangstellings, potensiaal en die kwaliteite wat jou uniek maak. B Jou selfbeeld. C Jou idees oor jou vriende. D Geeneen van bovenoemde nie.</p>	 <p>[5]</p>

**VRAAG 2:** Pas die terme in Kolom A by die beskrywing in Kolom B. Skryf slegs die LETTER van die alfabet in Kolom C neer.  
[8]

KOLOM A	KOLOM B	KOLOM C
2.1 Ontwerp.	A. Verduidelik die betekenis van iets.	
2.2 Omskrywing.	B. Beplan om iets te maak met die materiaal wat beskikbaar is.	
2.3 Probleemoplossing	C. Verdeel die opdragte gelyk op in 'n span.	
2.4 Skep.	D. Ek weet wie ek is en ek is spesiaal.	
2.5 Delegering.	E. My vermoë om sekere dinge te doen.	
2.6 Positiwe selfspraak.	F. Kan beskryf word as 'n "interne boelie"	
2.7 Negatiewe selfkonsep.	G. Maak iets deur nuwe idees te gebruik.	
2.8 Persoonlike potensiaal.	H. Die eerste leerstyl om te gebruik wanneer jy studeer.	
	I. 'n Belangrike basis vir alle verhoudings.  J. Ondersoek die oorsake en uitwerking van 'n probleem om 'n oplossing te vind.	

### **VRAAG 3: SEKSUALITEIT**

Vind vyf (5) waarstellings. Skryf die nommers neer in die blokkies hieronder  
[5]

Seksualiteit is:

- 3.1 die seksuele gevoelens en gedagtes wat ons kry.
- 3.2 dieselfde as seks.
- 3.3 of ons aangetrokke tot mense van die teenoorgestelde of dieselfde geslag is.
- 3.4 alles wat ons dink en doen.
- 3.5 die manier hoe ons onsself as lank genoeg of vet/maer genoeg sien.
- 3.6 die manier hoe ons onsself sien as mans en vrouens.
- 3.7 die geloof waaraan ons behoort.
- 3.8 hoe ons oor ons liggeme dink en voel.
- 3.9 nie ons waardes oor die lewe, liefde en vriendskappe nie.
- 3.10 nie die manier wat ons aantrek nie.



**Antwoorde:**

--	--	--	--	--


### **VRAAG 4: LOOPBAANKATEGORIEË**

Kies 'n woord uit die woordbank wat by die persoonlikhede pas en skryf dit neer.  
[6]

Ondersoekend, Ondernemend, Realisties, Kunstig, Konvensioneel, Sosiaal



- 4.1 Mense wat optree eerder as om te praat. Hul hou daarvan om buite te wees en verkieks om met masjinerie, gereedskap, plante en diere te werk. \_\_\_\_\_
- 4.2 Mense wat daarvan hou om te dink, organiseer en verstaan. Hul is goeie probleemoplossers. Hul hou daarvan om alleen te werk en kan beskeie wees. \_\_\_\_\_
- 4.3 Mense wat daarvan hou om hulself in hul werk uit te druk. Hul hou nie van reëls nie, hou van opdragte wat persoonlike en fisiese vaardighede insluit. \_\_\_\_\_
- 4.4 Mense wat dit geniet om ander te onderrig en te help. Hul hou van interaksie met mense en hou minder van akademiese of fisiese aktiwiteite. \_\_\_\_\_
- 4.5 Mense wat goed is met woorde en daarvan hou om ander te oor te haal en te beïnvloed eerder as om hul te ondersteun. Hul heg waarde aan "prestige." \_\_\_\_\_
- 4.6 Mense wat van reëls hou. Hul verkieks orde en hou nie daarvan om te persoonlik te raak nie. \_\_\_\_\_



#### **VRAAG 5: LEERSTYLE.**

Mense leer op verskillende maniere. Onthou, geen styl is beter as 'n ander nie – hul is net verskillend. **Identifiseer die volgende leerstyle:** [4]

- 5.1 Mense wat die beste leer met prentjies, diagramme, vloeidiagramme. \_\_\_\_\_
- 5.2 Mense wat die beste leer deur te luister. \_\_\_\_\_
- 5.3 Mense wat die beste leer wanneer aksie en beweging deel van die leerproses is. \_\_\_\_\_
- 5.4. Mense wat beter leer deur inligting te lees en te skryf. \_\_\_\_\_

**TOTAAL AFDELING A: 28 PUNTE**

#### **AFDELING B : (28 punte= middel orde)**

Antwoord al die vrae in die afdeling.

#### **VRAAG 6: OMGEWINGSGESONDHEIDSKEWESSIES.**

**WÊRELD DAG:** Die mens het groot skade aan die omgewing aangerig en dit is ons verantwoordelikheid om oplossings vir hierdie probleem te vind. Noem 4 maniere hoe ons almal tot die viering van Wêrelddag kan bydra by ons huise. [4]



- 6.1 \_\_\_\_\_
- 6.2 \_\_\_\_\_
- 6.3 \_\_\_\_\_
- 6.4 \_\_\_\_\_

### **VRAAG 7: BELANGSTELLINGS EN VERMOËNS**

Lees die volgende gevallestudie en antwoord die vrae wat volg. **[10]**



*Jessica en Jane is susters. Hul het verskillende belangstellings, vermoëns, sterkpunte en voorliefdes. Jessica is goed in Rekeningkunde en Fisiiese Wetenskappe. Sy hou daarvan om met mense te werk en te oefen terwyl sy 'n gesonde eetplan volg. Jessica geniet dit om met nuwe idees te eksperimenteer. Jane doen uitstekend in tale en die kunste. Sy skryf haar eie lirieke om op die klavier te speel en sy geniet dit om interessante boeke te lees. Jane gebruik haar kreatiwiteit om ornamente, skilderye en kunswerke vir haar kamer te ontwerp asook om dit te verkoop aan diegene wat belangstel in haar kuns.*

- 7.1 Bespreek Jessica en Jane se belangstellings.

Jessica: \_\_\_\_\_ (2)

Jane: \_\_\_\_\_ (2)

- 7.2 Vergelyk die susters se sterkpunte.

Jessica: \_\_\_\_\_ (2)

Jane: \_\_\_\_\_ (2)

- 7.3 Dui aan watter moontlike loopbane elke suster vir die toekoms kan kies.

Jessica: \_\_\_\_\_ (1)

Jane: \_\_\_\_\_ (1)

### **VRAAG 8: PORTUURGROEPDRUK.**

Lees die volgende gevallestudie en antwoord die vrae wat volg:

**[8]**



Derick erken dat van sy vriende gedruk word om seks te hê, alhoewel hy dink dat hulle te jonk is om seksueel aktief op die ouderdom van 14 te wees. Derick sê dat sy vriende probeer om in te pas, dus word hulle seksueel aktief om hulle vriende te beïndruk. Baie seuns in sy skool voel dat meisies met hulle moet seks hê. Leerders van sy ouderdom moet verseker dat hulle hul eie identiteit vorm. Hulle moenie in ernstige verhoudings betrokke raak waar hulle gedruk word om goed teen hulle wil te doen nie.

8.1 Verduidelik hoe seuns deur hulle vriende beïnvloed word om seksueel aktief te wees. (2)

---

8.2 Interpreteer hoe seuns kan glo dat meisies moet inwillig om seks met hulle te hê. (4)

---

---

---

8.3 Bespreek twee maniere hoe Derick hierdie probleem kan oplos. (2)

---

---

#### **VRAAG 9: MIV en VIGS.**

Suid-Afrika is een van die lande wat die ergste deur MIV en VIGS getref word. Daar is tans geen genesing vir hierdie siekte nie. Daar is wel strategieë hoe mense wat MIV-positief is, in staat is om normale gesonde lewens te lei vir 'n lang tyd. [6]



9.1 Bespreek 4 van die **strategieë** wat hierbo genoem word. (4)

9.1.1 \_\_\_\_\_

9.1.2 \_\_\_\_\_

9.1.3 \_\_\_\_\_

9.1.4 \_\_\_\_\_

9.2 Wat is die 2 **beste** maniere om MIV en VIGS te **voorkom**? (2)

9.2.1 \_\_\_\_\_

9.2.2 \_\_\_\_\_

**TOTAAL AFDELING B: 28 PUNTE**

#### **AFDELING C (14 punte= hoër orde)**

Antwoord slegs **twoe** van die volgende drie vrae in hierdie afdeling.

#### **VRAAG 10: DIE WÊRELD VAN WERK.**

"Werk kan die sosiale en ekonomiese behoeftes van Suid-Afrika aanspreek." Evaluateer hierdie stelling deur die rol en belangrikheid van werk en om 'n werk te hê, vir 'n individu, die gemeenskap en die land, te verduidelik. [7]



## **VRAAG 11: KONSTITUTIONELE REGTE EN VERANTWOORDELIKHEDE.**

**Talle mans en vroue, individue en groepe het hard gewerk en het toegewyde bydraes gemaak tot NASIEBOU.**

**Onthou jy is deel van jou gemeenskap, jou skool en jou huisgesin.**

**Skryf 'n paragraaf waarin jy die betekenis en doel van nasiebou verduidelik. (2)**

**Verduidelik ook hoe jy kan bydrae tot nasiebou by jou skool. (5)**

[7]



---

---

---

---

---

---

## **VRAAG 12: KULTURELE DIVERSITEIT IN SUID-AFRIKA.**

**Definieer wat "kulturele diversiteit" is (2) en bespreek vyf voordele (positiewe redes) daarvan om diverse kulture in een land te hê. (5) [7]**

[7]



**TOTAAL AFDELING C: 14 PUNTE  
GROOT TOTAAL: 70 (28+28+ 14)**

70

# EKURHULENI-NOORD

LEWENSORIëNTERING GR. 8 20 NOVEMBER 2017

Moderator: Christine du Plessis

Tydsuur: 1½ ure

## MEMORANDUM

Instruksies:

Punte: 70

1. Lees die instruksies aandagtig voordat jy antwoord. (8 bladsye)
2. Skryf netjies. Hierdie is 'n invulvraestel.
3. Hierdie vraestel bestaan uit drie afdelings: Afdeling A, B en C. Jy moet al die vrae beantwoord in Afdeling A ( 28 punte ) en Afdeling B ( 28 punte ), en twee van Afdeling C.

- **HOD MOET DIE DISTRIKSVRAESTEL MODEREER VOOR DIT GEDUPLISEER WORD VIR LEERLINGE OM TE SKRYF.**
- **DOEN SPANNASIENWERK IN SKOLE MET BAIE KLASSE**
- **SPANBESPREKING VAN DIE MEMORANDUM IS BAIE BELANGRIK VOORDAT ONDERWYSERS BEGIN NASIEN.**
- **STERKTE!**

### **AFDELING A (28 PUNTE = LAER ORDE)**

**BEANTWOORD AL DIE VRAE IN DIE AFDELING.**

#### **VRAAG 1: VEELVULDIGE KEUSE VRAE.**

Vier moontlike antwoorde word vir elk van die volgende stellings voorsien.

Kies die regte antwoord en **ONDERSTREEP** dit.

[5]

<p><b>1.4 Die belangrikste faktor/faktore wat jou selfkonsep beïnvloed is:</b></p> <p>A die media. B ons omgewing. C ons vriende, portuurgroep en familie. <u>D al die bovenoemde.</u></p>	<p><b>1.5 Die oortreding van menseregte beteken:</b></p> <p>A om ander met respek te behandel. B om ander se menswaardigheid waardevol te ag. <u>C om mense sonder respek te behandel.</u> D om positief teenoor ander mense op te tree.</p>
<p><b>1.6 Suid-Afrika grond sy nasiebou op die volgende beginsels:</b></p> <p>A nie-rassisme, seksisme, demokrasie, verdraagsaamheid. B demokrasie, respek, seksisme, diskriminasie. C sosiale eenheid, rassisme, demokrasie, respek, verdraagsaamheid. <u>D geeneen van bovenoemde nie</u></p>	<p><b>1.5 Van hierdie soort gedrag, kry jy 'n "wen-wen" gevoel:</b></p> <p>A Aggressief <u>B Selfgeldend</u> C Dominerend D Passief</p>

**1.6 Individualiteit is:**

A Jou karakter, vermoëns, belangstellings, potensiaal en die kwaliteite wat jou uniek maak.

B Jou selfbeeld.

C Jou idees oor jou vriende.

D Geeneen van bovenoemde nie.



[5]

**VRAAG 2:** Pas die terme in Kolom A by die beskrywing in Kolom B. Skryf slegs die LETTER van die alfabet in Kolom C neer. [8]

KOLOM A	KOLOM B	KOLOM C
2.1 Ontwerp.	A. Verduidelik die betekenis van iets.	G
2.2 Omskrywing.	B. Beplan om iets te maak met die materiaal wat beskikbaar is.	A
2.3 Probleemoplossing .	C. Verdeel die opdragte gelyk op in 'n span.	J
2.4 Skep.	D. Ek weet wie ek is en ek is spesiaal.	G
2.5 Delegering.	E. My vermoë om sekere dinge te doen.	C
2.6 Positiewe selfspraak.	F. Kan beskryf word as 'n "interne boelie."	D
2.7 Negatiewe selfkonsep.	G. Maak iets deur nuwe idees te gebruik.	F
2.8 Persoonlike potensiaal.	H. Die eerste leerstyl om te gebruik wanneer jy studeer.	E
	I. 'n Belangrike basis vir alle verhoudings. J. Ondersoek die oorsake en uitwerking van 'n probleem en om 'n oplossing te vind.	

**VRAAG 3: SEKSUALITEIT.**

Vind vyf (5) waarstellings. Skryf die nommers neer in die blokkies hieronder [5]

Seksualiteit is:

- 3.1 die seksuele gevoelens en gedagtes wat ons kry.
- 3.2 dieselfde as seks.
- 3.3 of ons aangetrokke tot mense van die teenoorgestelde of dieselfde geslag is.
- 3.4 alles wat ons dink en doen.
- 3.5 die manier hoe ons onself as lank genoeg of vet/maer genoeg sien.
- 3.6 die manier hoe ons onself sien as mans en vrouens.
- 3.7 die geloof waaraan ons behoort.
- 3.8 hoe ons oor ons liggeme dink en voel.
- 3.9 nie ons waardes oor die lewe, liefde en vriendskappe nie.
- 3.10 nie die manier wat ons aantrek nie.



**Antwoorde:**

3.1

3.3

3.5

3.6


3.8

#### **VRAAG 4: LOOPBAANKATEGORIEË**

Kies 'n woord uit die woordbank wat by die persoonlikhede pas en skryf dit neer.

[6]

Ondersoekend, Ondernemend, Realisties, Kunstig, Konvensioneel, Sosiaal



4.1 Mense wat optree eerder as om te praat. Hul hou daarvan om buite te wees en verkies om met masjinerie, gereedskap, plante en diere te werk. **Realisties**

4.2 Mense wat daarvan hou om te dink, organiseer en verstaan. Hul is goeie probleemoplossers. Hul hou daarvan om alleen te werk en kan beskeie wees.

**Ondersoekend**


4.3 Mense wat daarvan hou om hulself in hul werk uit te druk. Hul hou nie van reëls nie, hou van opdragte wat persoonlike en fisiese vaardighede insluit. **Kunstig**

4.4 Mense wat dit geniet om ander te onderrig en te help. Hul hou van interaksie met mense en hou minder van akademiese of fisiese aktiwiteite. **Sosiaal**

4.5 Mense wat goed is met woorde en daarvan hou om ander te oor te haal en te beïnvloed eerder as om hul te ondersteun. Hul heg waarde aan "prestige."

**Ondernemend**

4.6 Mense wat van reëls hou. Hul verkies orde en hou nie daarvan om te persoonlik te raak nie. **Konvensioneel**



#### **VRAAG 5: LEERSTYLE.**

Mense leer op verskillende maniere. Onthou, geen styl is beter as 'n ander nie – hul is net verskillend.

**Identifiseer die volgende leerstyle:**

**[4]**

5.1 Mense wat die beste leer met prentjies, diagramme, vloeidiagramme. **Visueel**

5.2 Mense wat die beste leer deur te luister. **Ouditief**

5.3 Mense wat die beste leer wanneer aksie en beweging deel van die leerproses is. **Kinesteties**

5.4. Mense wat beter leer deur inligting te lees en te skryf. **Lees en skryf**

**TOTAAL AFDELING A: 28 PUNTE**

## **AFDELING B: (28 punte= middel orde)**

Beantwoord al die vrae in die afdeling.

### **VRAAG 6: OMGEWINGSGESONDHEIDSKWESSIES .**

**WêRELD DAG:** Die mens het groot skade aan die omgewing aangerig en dit is ons verantwoordelikheid om oplossings vir hierdie probleem te vind. Noem 4 maniere hoe ons almal tot die viering van Wêrelddag kan bydra by ons huise.

**[4]**

6.1 - 6.4

- Spaar krag (skakel geisers/ligte, muurproppe) af. Gebruik krag effektief.. Gebruik energiebesparende gloeilampe ens.)
- Spaar water (Stort eerder as om te bad, geen lopende krane nie, hergebruik water vir die tuin, ens.)
- Hergebruik inkopiesakke.
- Moenie kos mors nie.
- Groei jou eie groente.
- Koop plaaslikvervaardigde produkte en produkte met die minimum verpakking.
- Vang lopende water vanaf die dak op en hergebruik in jou tuin. ens.



### **VRAAG 7: BELANGSTELLINGS EN VERMOEëNS.**

Lees die volgende gevallenstudie en antwoord die vrae wat volg. **[10]**



*Jessica en Jane is susters. Hul het verskillende belangstellings, vermoeëns, sterkpunte en voorliefdes. Jessica is goed in Rekeningkunde en Fisiese Wetenskappe. Sy hou daarvan om met mense te werk en te oefen terwyl sy 'n gesonde eetplan volg. Jessica geniet dit om met nuwe idees te eksperimenteer. Jane doen uitstekend in tale en die kunste. Sy skryf haar eie lirieke om op die klavier te speel en sy geniet dit om interessante boeke te lees. Jane gebruik haar kreatiwiteit om ornamente, skilderye en kunswerke vir haar kamer te ontwerp asook om dit te verkoop aan diegene wat belangstel in haar kuns.*

7.1 Bespreek Jessica en Jane se belangstellings.

Jessica: Hou daarvan om met mense te werk. Sy dink oefening is belangrik. Sy eet gesond. (enige 2) (2)

Jane: Hou van musiek(klavier), hou van lees, hou daarvan om kunswerke te maak en dus hou sy daarvan om met haar hande te werk (2)

7.2 Vergelyk die susters se sterkpunte.

Jessica: Goed in Rekeningkunde en Fisiese Wetenskappe (2)

Jane: Sy is beter in Tale en Kunste (2)

- 7.3 Dui aan watter moontlike loopbane elke suster vir die toekoms kan kies.
- Jessica: apteker, tandarts, Elektrisiën, Boer, Dokter, Vlieënier, Meteoroloog (1)
- Jane: grafiese of klere ontwerpster, Kuns- Musiek- of Taalonderwyseres, Musikant, Dosent, Skrywer, Bemarker, ens (enigeen by elkeen) (1)

### VRAAG 8: PORTUURGROEPDRUK.

Lees die volgende gevallenstudie en antwoord die vrae wat volg:

[8]



Derick erken dat van sy vriende gedruk word om seks te hê, alhoewel hy dink dat hulle te jonk is om seksueel aktief op die ouderdom van 14 te wees. Derick sê dat sy vriende probeer om in te pas, dus word hulle seksueel aktief om hulle vriende te beïndruk. Baie seuns in sy skool voel dat meisies met hulle moet seks hê. Leerders van sy ouderdom moet verseker dat hulle hul eie identiteit vorm. Hulle moenie in ernstige verhoudings betrokke raak waar hulle gedruk word om goed teen hulle wil te doen nie.

- 8.1 Verduidelik hoe seuns deur hulle vriende beïnvloed word om seksueel aktief te wees. (2)

Seuns probeer om in te pas, daarom raak hul seksueel betrokke om hul vriende te beïndruk. ✓

Die seuns het nie hul eie identiteit nie, dus probeer hul uitvind wie hul is deur te doen wat hul vriende hul druk om te doen en te sê. ✓

- 8.2 Interpreteer hoe seuns kan glo dat meisies moet inwillig om seks met hulle te hê. (4)

Seuns dink hul is beter as meisies, gebaseer op hul kulturele waardes. ✓

Die norm in verskeie gelowe is dat vrouens aan mans moet gehoorsaam wees en moet maak soos die mans sê. ✓

As 'n seun uit omstandighede van mishandeling kom, waar die vader beheer oor sy vrou gehad het en sy moes maak soos hy sê, sal hy waarskynlik dieselfde optree ✓

In party lande en kulture glo hul steeds mans het meer regte as vroue. ✓

(Enige toepaslike antwoord wat op die gevallenstudie gegrond is, is aanvaarbaar).

- 8.3 Bespreek twee maniere hoe Derick hierdie probleem kan oplos. (2)

- Derick kan 'n bewuswordingsbeweging begin waarmee hy tieners in sy skool kan opvoed oor geslagsgelykheid en die gevare van seksuele kontak. ✓
- Derick kan met 'n volwassene praat soos 'n onderwyser, sy ouers, of 'n ouer persoon en so hul bewus te maak van hierdie probleem en die tieners betrek sodat hul die probleem in privaatheid kan hanteer, terwyl die tieners ook leer om hul eie self te wees. ✓

### **VRAAG 9: MIV en VIGS.**

Suid-Afrika is een van die lande wat die ergste deur MIV en VIGS getref word. Daar is tans geen genesing vir hierdie siekte nie. Daar is wel strategieë hoe mense wat MIV-positief is, in staat is om normale gesonde lewens te lei vir 'n lang tyd. [6]

9.1 Bespreek 4 van die **strategieë** wat hierbo genoem word. (4)

9.1.1-0.1.4

- Die gebruik en bestuur van ARV medisyne
- Vermy riskante situasies en gedrag (middelmisbruik, onbeskermde seks),
- Positiwe denke
- Kry ondersteuning van mense rondom jou.
- 'n Gesonde dieet
- Oefening
- Kry genoeg rus.ens. (enige 4)



9. 2 Wat is die 2 **beste** maniere om MIV en VIGS te **voorkom**? (2)

9.2.1- 9.2.2

- Beskermde seks altyd.(gebruik altyd kondome)
- Vermy die deel van naalde(middelmisbruik en tatooëring)

**TOTAAL AFDELING B: 28 PUNTE**

### **AFDELING C (14 punte= hoër orde)**

Antwoord slegs **twee** van die volgende drie vrae in hierdie afdeling.

### **VRAAG 10: DIE WêRELD VAN WERK.**

"Werk kan die sosiale en ekonomiese behoeftes van Suid-Afrika aanspreek." Evaluateer hierdie stelling deur die rol en belangrikheid van werk en om 'n werk te hê, vir 'n individu, die gemeenskap en die land, te verduidelik. [7]



- Om 'n werk te hê, verskaf jou sekuriteit en die geld om die dinge te koop wat ons nodig het. ✓
- Indien daar genoeg geld in 'n huishouding inkom, kan hul selfversorgend wees. ✓
- Dit het 'n rimpel-effek op die land en die ekonomie in die algemeen. 'n Werk voorsien die inkomste om die nodige kos en klere te koop, asook 'n plek om in te woon. ✓

- 'n Huishouding wat voldoende inkomste het, kan in hul eie behoeftes voorsien en ook vir die gesin se opvoeding betaal .✓
- Hul kan ook betaal vir sosiale dienste soos gesondheid en kindersorg. ✓
- Kinders wat 'n beter opvoeding ontvang het, is oor die algemeen instaat om 'n beter werk te kry en geld te verdien en daarom kan hul weer beter sorg vir hul gesin in die toekoms ✓
- Hul dra ook beter by tot die belastingbasis van die land en so kan die staat weer beter sosiale dienste soos klinieke, hospitale, skole en basiese dienste soos water, elektriesiteit en sanitasie bied. ✓
- Gemeenskappe ervaar verskeie probleme. Voorbeeld is: tienerwangerskappe, kindermishandeling, misdaad, korruksie, hoë vlakke van werkloosheid, ens.
- Suid-Afrika het baie behoeftes insluitend die tekort aan vaardighede en baie ongeskoolde mense is werkloos.
- SA het mense in sleutelareas nodig in die samelewing en die ekonomie wat geleerd en opgelei is om in hierdie behoeftes te voorsien soos dokters, / verpleegsters om na die gesondheid van Suid-Afrika se mense om te sien, polisiemanne/regters: om misdaad te beheer, ingenieurs /bouers: om paaie en skole te bou ens.
- Suid- Afrika het 'n sterk, werksmag met goeie vaardighede nodig, asook lae werkloosheid om 'n land te wees met goeie vooruitsigte, voorspoed en groei. Werk moet in die behoeftes van die land voorsien !

### **VRAAG 11: KONSTITUTIONELE REGTE EN VERANTWOORDELIKHEDE.**

Talle mans en vroue, individue en groepe het hard gewerk en het toegewyde bydraes gemaak tot NASIEBOU.

Onthou jy is deel van jou gemeenskap, jou skool en jou huisgesin.

Skryf 'n paragraaf waarin jy die betekenis en doel van nasiebou verduidelik. (2)

Verduidelik ook hoe jy kan bydrae tot nasiebou by jou skool. (5) [7]



#### **Betekenis (definisie) van nasiebou:**

**(2 punt)**

- om trots te wees op wie jy is en ander te aanvaar wat anders as jy is.
- Om hard te werk om 'n beter SA vir almal te skep.
- Help om te verseker dat alle mense dieselfde behandel word en verenig word as een nasie.

**Doel van nasiebou: sal help om vrede en harmonie te skep.**

#### **Hoe jy kan bydrae tot nasiebou by jou skool:** (5 punte)

- Stel 'n goeie voorbeeld en stel belang in positiewe dinge.(aktiwiteite)
- Sport en ander ekstra-kurrikulêre aktiwiteite soos kuns en skeppende aktiwiteite , musiek- en danslesse is ook 'n manier om mense te verenig.

- Almal by die skool moet saamwerk om 'n omgewing te skep wat vry is van diskriminasie.
- Vra jou hoof en onderwyser se toestemming om spesiale dae soos vryheidsdag, en Erfenisdag te vier. Dit kan mense verenig en leer hul meer van SA se erfenis en kultuur.
- Lees en kennis bemagtig 'n nasie . Lees en leer, Doen jou beste in die skool.
- Respekteer en beskerm jouself, jou onderwysers, medeleerlinge, jou boeke en skryfbenodigdhede , jou skoolgebou , jou skoolreëls, visie en missie. ens.

### **VRAAG 12: KULTURELE DIVERSITEIT IN SUID-AFRIKA**

Definieer wat “kulturele diversiteit” is (2) en bespreek vyf voordele (positiewe redes) daarvan om diverse kulture in een land te hê. (5) [7]



Definisie: Die kulturele verskeidenheid en verskille wat in 'n wêreld, gemeenskap en land √ as gevolg van hul rasse- of etniese agtergronde, taal, kleredrag en tradisies bestaan.√ (2 punte)

Voordele (positiewe elemente) daarvan om diverse kulture in een land te hê:

- Mense van een kultuur raak meer verdraagsaam ten opsigte van ander kulture, en daarom meer verdraagsaam in die algemeen.
  - Om baie kulture in 'n land te hê, versterk 'n land sosiaal omdat almal saamwerk vir 'n beter doel.
  - Verskillende kulture kan van mekaar leer, bv. Baie mense dink dat die gebruik van *ubuntu* stadig besig is om die Suid-Afrikaanse samelewing te infiltreer.
  - Om verskillende kulture te hê, beteken daar is 'n verskeidenheid van interessante gebruik en praktyke in die land wat verskillend is.
  - Om mekaar se kulture te ken, help ons om mekaar beter te verstaan en oor die weg te kom.
- ( 5 punte)

**TOTAAL AFDELING C: 14 PUNTE  
GROOT TOTAAL: 70 (28+28+ 14)**